ELDIE nuus news

ELDORAIGNE
AFTREELANDGOED · RETIREMENT ESTATE

September 2020

# In Gesprek met ( 22):
## Csi bestuurspan, Hansie Marais, en die tuisspan

**Hansie**, gebore in Upington, 1957, maak matriek, HS De Aar in 1974. Sy loopbaan begin by die Spoorweë (Tans Transnet) in Kimberley, en kort daarna word hy verplaas na Pretoria waar hy die volgende 38 jaar in die Eiendomsafdeling gewerk het. Na aftrede op vroeë pensioen begin hy by CSi werk, en is ons Landgoed se bestuurder sedert die eerste inwoners ingetrek het in 2015. Hy is veertig jaar getroud met Lois, 'n onderwyseres, en hulle het twee dogters– 'n onderwyseres en 'n radiografis en daar is een kleinkind.
Hansie het 'n passie vir fiksheid. Hy het die Comrades 14 keer voltooi, doen graag padwedlope en net voor " lockdown" het hy nog 'n 50km "Om Die Dam" wedloop gehardloop. Sy brandstof rekening is seker nie baie hoog nie! Hy kyk graag sport, veral rugby en ondersteun die Lions. As stokperdjie hou hy daarvan om met sy hande te werk, veral hout– 'n ware "handyman".

Also, as part of the inauguration team in 2015, is **Carrie-Ann Thord-Gray**. She was born in East London and went to school at George Randall until coming to Centurion with her parents in her early teens. She started working, part-time after school each day and has never stopped working since. She moved to the UK where she spent 8 years, and her older son, now 16 was born there. His younger sister, now 5, followed some years later.

She and her husband met through dance when they were both Latin and Ballroom dance instructors. Over her working life she has done various courses relating to her jobs, inter alia, personal trainer, child minder and Human Resources. She has been with CSi for 7 years and transferred here with our opening.

Die derde lid van ons inweidingspan is **David Matabologa**. David is gebore in Ellisras en na skool het hy op die plaas begin werk in verskeie poste tot hy in 2006 na Pretoria verhuis het. Van die begin was hy by CSi. Hy is getroud met Martha, tans 'n huisvrou en daar is 2 seuns, 17 en 2 jaar oud. Hy stel belang in sokker en is 'n ondersteuner van Kaiser Chiefs.

**Chantelle Roberts-York**, gebore Steyn, in Middelburg, maak matriek in Krugersdorp, HS Noordheuwel. Deur die jare het sy o.a. besigheidsbestuur en binnehuisversiering studeer en selfs haar eie bloemistewinkel besit. Drie jaar gelede het sy by CSi begin en is nou besig met studies in finansiële bestuur.

...vervolg op bl2

In 2013 trou sy met Edrick Roberts-York, 'n promosiebestuurder en hulle het ’n seuntjie, Dean, 6 jaar oud in LS Swartkop. Sy hou van lees en skilder en sy en haar man ondersteun die Sharks.

Die nuutste lid van die span is ons onderhoudsbestuurder, **Mike Mouton**. Gebore Pretorianer, HS John Vorster, daarna Pretoria Tegniese Kollege vir elektriese studies, vakleerlingskap en kwalifiseer as elektrisiën. Werk by verskillende firmas tot hy verlede jaar gelede by ons aangesluit het. Getroud, twaalf jaar met Danel wat werksaam is by ’n vaskulêre chirurg. Hulle het 2 seuns: 7 jaar oud, by LS Voorpos, en twee jaar oud. Mike hou van vlieghengel en alhoewel hy die Sharks ondersteun het toe hy vir 5 jaar in Natal gebly het, is hy nou terug in die Blou Bulle kraal.

# Interesting..

The Dept of Tourism clean-up crew recently found over 200 dead crows off and along Route 62 near Barrydale and there was concern that they may have died from some sort of Covid/Avian Flu.
A Pathologist examined the remains of all the crows, and, to everyone's relief, confirmed the problem was NOT Avian/Covid related.

The cause of death in fact, appeared to be from vehicular impacts. However, during analysis it was noted that varying colours of paint appeared on the bird's beaks and claws. By analysing these paint residues, it was found that 98% of the crows had been killed by impact with motorbikes, while only 2% were killed by cars.

The Dept of Safety then hired an Ornithological Behaviourist to determine if there was a cause for the disproportionate percentages of motorbike kills versus car kills. The Ornithological Behaviourist quickly concluded that when crows eat road kill, they always have a look-out crow to warn of danger. They discovered that while all the look-out crows could shout “cah”, not a single one could shout “bike”.

–Ingestuur deur Derek

# Termiete (rysmiere)

Wees op die uitkyk vir HOUTBOORDER termiete wat boomstamme, stokkerige struikstamme en die houtbalke, deure en plafonne van die huis aanval. Hulle is half deurskynend met 'n rooi kop, hulle hou nie van son nie, en beweeg in modderige gangetjies wat hulle bou, selfs teen boomstamme op. Kan bestry word deur self ondergronds te spuit met 'n vloeistof Terminex, of deur Pest Control wat u dakstutte en plafonne behandel. Indien u self spuit, maak ’n regaf gat met ’n stok in die grond en spuit die gif daarin af. Korrels werk nie hier nie. Alphathrin (kleurloos en reukloos) kan ook binne die huis gespuit word en dood termiete, miere, kakkerlakke.

GRASDRAER termiete dra dooie gras in 'n oop gaatjie in die grond in. Hulle is donkerder van kleur, (amper bruin met strepies). Bestry hulle deur korreltjies Termite stop rondom die gaatjie te strooi. Die termiete dra hulle in die nes in en die koningin word doodgemaak.

# The Elephant Rope

As a man was passing some elephants, he suddenly stopped, confused by the fact that these huge creatures were being held by only a small rope tied to their front leg. No chains, no cages. It was obvious that the elephants could, at any time, break away from their bonds but for some reason, they did not.

He saw a trainer nearby and asked why these animals just stood there and made no attempt to get away. “Well,” trainer said, “when they are very young and much smaller we use the same size rope to tie them and, at that age, it's enough to hold them. As they grow up, they are conditioned to believe they cannot break away. They believe the rope can still hold them, so they never try to break free.”

The man was amazed. These animals could at any time break free from their bonds but because they believed they couldn't, they were stuck right where they were.

Like the elephants, how many of us go through life hanging onto a belief that we cannot do something, simply because we failed at it once before? Failure is part of learning, we should never give up the struggle in life.

# Plant ’n Boom!

*NASIONALE BOOMPLANTWEEK vind hierdie jaar plaas vanaf Maandag 31 Augustus tot Vrydag 4 September 2020*

Elke jaar word twee bome uit die bykans 2 000 inheemse bome aangewys as nasionale bome van die jaar, met een gewone boom en een skaars boom.

Jaar/Gewoon/Skaars—

| | |
|---|---|
| | 2020 |
| Gewoon: | Essenhout/ Cape Ash/ Ekebergia capensis 298 |
| Skaars: | Kremetart/ Baobab/ Adansonia digitata 467 |
| | 2021 |
| Gewoon: | Soetdoring/ Sweet thorn/ Vachellia Karroo 172 |
| Skaars: | Spekboom/ Elephants food/ Pork bush/ Portulacaria afra 104 |
| | 2022 |
| Gewoon: | Basboom/ Pompon tree/ Dais cotinifolia 521 |
| Skaars: | Huilboom/ Weeping wattle/ African wattle/ Peltophorum Africanum 215 |
| | 2023 |
| Gewoon: | Witolienhout/ False olive/ Olive sagewood/ Buddleja saligna 636 |
| Skaars: | Vanwykshout/ Tree wisteria/ Bolusanthus speciosus 222 |
| | 2024 |
| Gewoon: | Karee/Searsia lancea 386 |
| Skaars: | Witpeer/White pear/Apodytes dimidiata 422 |

# Lente is om die draai: Tuintake

Kitsgids vir die aanplant van klein struikies vir 'n lang blomseisoen:

- Spit die grond met 'n tuinvurk om en hark tot dit soos fyn krummels is.
- Voeg kompos en beenmeel of superfosfaat by en spit goed in.
- Rangskik die plante op plekke uitmekaar.
- Grawe gate wat groot genoeg is vir elke wortelbal.
- Verwyder die plantsak versigtig en maak 'n paar wortels los indien dit ’n digte mat gevorm het.
- Sit die wortelbal in die plantgat en vul op met grond. Druk vas.
- Maak aanplantings goed nat.
- Maak elke 2-3 dae nat totdat die plante gevestig is.
- Ondersoek gereeld vir plae en siektes.
- Bemes elke 4-6 weke.

Almal wil graag lentetuine met struike en meerjariges sien propvol blommeprag:

- Osteospermum-hibriede bring gereeld nuwe bekendstellings op die mark, en omdat dit oorspronklik van Suid-Afrikaanse ouers was, word dit as inheems aanvaar. Hulle groei goed op sonnige plekke en buitengewoon goed in potte en houers. Dooie blomme moet gereeld verwyder word om ’n langer blomtydperk te verseker.
- Shasta madeliefies ( Leucanthemum maximum)
  verskaf bykans heeljaar deur pragtige blomme, in kompakte bosse groen loof, met wit blomme op lang stele. Volson en die gereelde toediening van misstof verseker die heel beste tuinprestasie. Hulle is kouegehard en selfs die kwaai ryp van Junie het dit nie beskadig nie.
- Baberton madeliefies (Gerbera jamesonii).
  Die inheemse rooi of oranje madeliefie was gebruik om 'n verskeidenheid hibriede te skep. Dit groei die beste in volson of ligte skadu op dolomiet- en klipperige kleigrond (ideaal by ons) en moet een maal per week goed natgemaak word. Dit is ook geskik vir effense suur, neutrale of alkaliese grond wat goed dreineer. Hulle is droogtebestand in die winter wanneer hulle halfrustend raak, en is bestand teen ligte ryp.







Shasta madeliefies



Osteospermum

Charlotte (190) se kalanchoe





JD se kaktus



Willem se aalwyn



Aalwyne by ontvangs




Die korrekte plasing van potte op gras



’n Besondere mooi waterwyse tuin
en
Phillip se mooi tuinhoekie







In gesprek met.. (22):
**CSI span**
(Artikel bladsye 1-2)



# Dagblad se leiers vier 'rebel vir nuus'

Môre, ná 116 jaar, verskyn die heel laaste drukuitgawe van *Volksblad*, die oudste Afrikaanse koerant en susterkoerant van *Beeld*.

Die gedenkuitgawe verskyn vandag. Hierin deel ses van *Volksblad* se 12 oudredakteurs van 1980 tot 2015 hul gedagtes oor en herinneringe aan die koerant. Die goue draad wat deur al ses se boodskap gaan, is die uitnemendheid waarmee die koe-

Sewe *Volksblad*-redakteurs by 'n geleentheid by die dagblad se kantoor in 2017 met 'n samestelling van die koerant se mashoof oor die jare. Van links is Hennie van Deventer, Johan de Wet, Paul Marais, Jonathan Crowther, Ainsley Moos, Johanna van Eeden en Gert Coetzee (laaste redakteur).

**Paul Marais** was redakteur by Volksblad (1994-1995). Hy was een van 12 redakteure, maar nou het die oudste Afrikaanse koerant  na 116 jaar, op 8 Augustus die laaste keer in papier drukvorm vewrskyn. Volksblad is egter nog steeds as e-koerant op Netwerk24 beskikbaar.

*Links:* **Paul** besig met ontwerpwerk.
*Regs:* **Cora** doenig met die slypsteen vir hulle unieke lampskerms van half edelstene.





# Die kiosk is een jaar oud en vier dit saam met inwoners








# Eldoraigne DStv-Klub

Daar is baie, baie televisiekanale in die wêreld. Multichoice (deur DStv) het sekere kanale gekies en in pakkette saamgevoeg wat hulle as ’n diens aan Suid-Afrikaners stroom. Die verskillende pakkette het verskillende name en die samestelling en koste van elke pakket verskil. Een van die pakkette (Stay Essential) is “spesiaal” saamgestel vir Aftreeoorde. Stay Essential word teen ’n baie billike tarief aan inwoners van Aftreeoorde aangebied en dit het al, of die meeste, van die populêre kanale:
bv. KykNet (Kanale 144 en 147), al die sportkanale, Nuuskanale, National Geographic ens.

Hierdie diens was beskikbaar aan inwoners sedert Eldoraigne Aftreelandgoed begin het, maar daar was probleme en twee van die vorige verspreiders kon nie voortgaan nie.

Mauritz van den Heever het die inisiatief geneem om weer die diens aan Eldoraigne Aftreelandgoed se inwoners aan te bied. Met die hulp van Mercia Parker en Eddie Otte, is die Eldoraigne DStv-klub gestig en DStv was weer vanaf 1 Februarie 2020 beskikbaar. Aangesien die bestuur plaaslike inwoners is, behoort daar nie weer finansiële probleme te ontstaan nie.

Op 1 Julie was daar reeds 30 intekenare en dit lyk asof hulle tevrede is. Die koste vir die Stay Essential-standaard pakket is R450,00 per maand en vir die Stay Essential plus PVR funksionaliteit R550,00 per maand.

Indien u onbewus was van die beskikbaarheid, of nou oorweeg om oor te skakel of aan te sluit, die volledige lys van al die kanale, asook die Inskrywingsvorm en reëls van die Eldoraigne DStv-klub is by Ontvangs beskikbaar.

–U kan ook vir Mercia Parker by 3030 skakel.

# Loneliness

- The surest sign of age is loneliness: *A Bronson Alcott*
- People who lead a lonely existence always have something on their minds that they are eager to talk about: Anton Chekhov
- We have all known the long loneliness and we have learned that the only solution is love and that love comes with community: *Dorothy Day*
- Loneliness is not simply a matter of being alone. Loneliness is the feeling that nobody else truly cares what happens to you: *Sister Pascalina*
- No one should ever be afraid alone. It is the worst form of loneliness and the most corrosive: *Marion Hilliard*
- Loneliness and the feeling of being unwanted is the most terrible poverty: *Mother Teresa*
- Never lose sight of the fact that old age needs so little but needs that little so much: *Margaret A Willour*

–ingestuur deur Colin du Preez

# Angs

Met Covid-19 wat nou op ons voorstoepe rondsluip, raak al hoe meer inwoners met angs vervul. Angs veroorsaak groot besorgdheid en is in die hoogste mate ontstellend.
(*Verklarende woordeboek*)...dit kan die persoon se lewe oorheers en kan behandel word deur psigoterapie, gedragsterapie en kalmeermiddels.
(*Mediese woordeboek*) Die media dra daagliks daartoe by om hierdie angstoestand te vererger deurdat ons hoor van infeksies wat teen 'n tempo van 11 000 per dag verhoog; 350 persone per dag wat nie oorleef nie; vol hospitale; staking van verpleegpersoneel en foto's van onpersoonlike veldhospitale.

Angsneurose: 'n Neurose waarin die lyer se gedagtes en gedrag deur buitensporige vrees gekenmerk word. Dit is normaal om bang te wees vir weerlig en ander werklike gevare, maar oordrewe vrees vir werklike of vermeende gevare benadeel egter die gesondheid. In angsneurose word normale besorgdheid oor bv. persoonlike gesondheid en daaglikse bedreigings so vergroot dat alle denke daardeur oorheers word.

Simptome van 'n angsneurose is hoofpyn, rusteloosheid, slaapversteurings, aptytverlies, gewigsverlies, hartkloppings, oormatige sweetreaksie en soms kompulsiewe rook- en drinkgewoontes.

Behandeling: Gerusstelling deur 'n vertroueling of geneesheer is gewoonlik voldoende, maar as die gedagtes egter deur vrese oorheers word, is sielkundige behandeling nodig. Farmakologiese middels soos kalmeermiddels, slaapmiddels en middels vir depressie word soms ook voorgeskryf. Gereelde oefening en sinvolle benutting van tyd met stokperdjies of arbeidsterapie is ook nuttig.

–(Jan v Elfen)

***Wat doen ek om my angstigheid te probeer verminder?***

- Bly in my huis en hou my besig met breiwerk en ek kuier nie rond nie.
- Ek eet gesonde kos met baie groente en vrugte en ek drink baie vloeistof.
- Probeer my immuunstelsel verhoog deur my aanvullings van Vit B, C, Zink te neem.
- Sorg dat ek elke dag ten minste 'n halfuur in die sonlig deurbring vir die vitamin D.
- Stap elke dag ten minste 2 kilometer, dis driemaal om die woonstelle.
- Doen elke dag asemhalingsoefeninge om my longkapasiteit te vergroot … en ek slaap genoeg.
- Ek sit my selfoon saans 8-uur af en die tv 9-uur.
- Gesels elke aand voor slaaptyd met my kleinkinders per "*video calling*".

Wanneer dit voel of vrees jou gaan oorweldig, kan jy krag en gemoedsrus put uit die feit dat God in alle omstandighede by jou is. Ps 46:1-1; Joh 14:27.

# Nasionale Testamentweek

Nasionale Testamentweek vind plaas gedurende die eerste week van September en slegs by deelnemende prokureurs kan u dan gratis ’n testament laat opstel.

– ’n TESTAMENT is ’n skriftelike dokument waarin ’n persoon vrywillig bepaal hoe sy boedel en bates na sy dood verdeel moet word.

- Kinders moet nie voel hulle het ’n reg om te erf nie, want jy het die vryheid om jou goed te bemaak aan wie jy wil. Hulle het slegs ’n persoonlike reg om te mag erf (maw ’n hoop om te erf). Dit is eers nadat skuldeisers, belasting en ander boedelverpligtinge nagekom is, dat die reg om te mag erf, ’n opdwingbare reg word.
- Die Wet op Testamente, Nr 7 van 1953 (soos gewysig) het sekere voorskrifte waaraan ’n geldige testament moet voldoen, soos dat dit op skrif en onderteken moet wees, deur die testateur en getuies. Die getuies moet bo die ouderdom van 14jr wees en moet ten tyde van die ondertekening bevoeg wees om getuienis in die hof te lewer, indien nodig en mag ook nie erfgename in die testament wees nie. Eksekuteurs wat as getuie teken, mag nie ’n fooi neem nie.


Enige skrapping, byvoeging,verandering of tussenvoeging wat in ’n testament gemaak word nadat dit opgestel is, is ongeldig indien daar nie voldoen is aan al die formaliteite soos bepaal in die Wet op Testamente nie.

Wanneer ’n persoon sonder ’n testament, of met ’n ongeldige of gedeeltelik ongeldige testament sterf, word so ’n persoon se bates ingevolge die intestate erfreg vererf, en verdeel ingevolge die Wet op Intestate Erfopvolging, Nr 81 van 1987–

- Die intestate erfreg wys in bepaalde omstandighede slegs sekere spesifieke persone aan as bevoegde erfgename, wat die oorledene se wettige gade, kinders, bloedverwante en aangenome kinders kan wees.
- Indien geen oorlewende familielede of bloedverwante bestaan nie, word die boedel in die Voogdyfonds van die meester van die hooggeregshof geplaas en aan die staat verbeurd verklaar indien dit nie binne 30 jr opgeëis word nie. Die meester se kantoor sal dan ’n eksekuteur aanstel.
- Om dus jou naasbestaandes te beskerm en te verseker dat jou bates en besittings na jou afsterwe in ooreenstemming met jou behoeftes vererf, is dit noodsaaklik dat jy ’n regsgeldige, duidelike en ondubbelsinnige testament het.

Kry kundige hulp met jou testament, ten einde familieprobleme uit te skakel, en hersien jou testament elke 2-3 jaar, of wanneer daar veranderende omstandighede is.


CSi
Sales
Rentals
Property Management
Trustworthy Property Solutions
CALL NOW!
Bronberg - Karin Stelzer
082 879 1198
karin@csirentals.co.za
Eldoraigne - Leatitia Ferreira
083 378 4510
leatitia@csiproperties.co.za
STAY SAFE!
TO LET
Bronberg Retirement Village
1 Bedroom, 1 Bathroom apartment, 1 carport - R 7500 pm
2 Bedroom, 1 Bathroom apartment, 1 carport from R 8000 pm
2 Bedroom simplex, with 1 or 2 Bathrooms, 1 garage
from R 10 365 pm
3 Bedroom, 2 Bathroom simplex, 2 garages from R 12 000 pm
Eldoraigne Retirement Village
1 Bedroom, 1 Bathroom, ground floor apartment - R 7670 pm
1 Bedroom, 1 Bathroom, 1st floor apartment - R7 332 pm
2 Bedroom, 1 Bathroom, 3rd floor apartment - R 8 250 pm
3 Bedroom, 2 Bathroom simplex, 2 garages from R 11 340 pm
Visit our website for more info - www.csi-euf.co.za


CSi
Sales
Rentals
Property Management
Trustworthy Property Solutions
ELDORAIGNE RETIREMENT ESTATE
R2,650,000
ELDORAIGNE RETIREMENT ESTATE
R1 250 000 - 1ST FLOOR
ELDORAIGNE RETIREMENT ESTATE
R1,850,000
ELDORAIGNE RETIREMENT ESTATE
R1,900,000
ELDORAIGNE RETIREMENT ESTATE
R2,400,000
ELDORAIGNE RETIREMENT ESTATE
R2,900,000
RUAN ERASMUS
071 481 6199
RUAN@CSISALES.CO.ZA